HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

# RANDJIENUUS

**28 JANUARIE 2022**



# GRAAD 8 - Ouers

Ons wil die graad 8- ouers bedank vir al hul moeite met die boekies, naamborde en al die vervoer! Ons SF het op die eerste Maandagaand 'n gesprek met die seuns en dogters gehad en kan met selfvertroue sê dat hulle besig is om goeie jongmans en jongdames te word. Ek is seker al die ouers het nou al gehoor dat die waardes van die skool **eenheid, lojaliteit, respek, trots** en **tradisie** is en kan met trots noem dat elke graad 8-leerder dit uitleef en deel van hulle mens wees hier by Hoërskool Randburg gemaak het.

Dit was 'n groot voorreg om met hierdie wonderlike groep graad 8's te werk.

*Arno Janse van Rensburg*

Ek weet ons almal was daardie eerste dag baie senuweeagtig en ons het nie regtig geweet wat om te verwag nie, maar die tweede dag toe julle die skoollied vir die eerste keer gesing het, het elke liewe SF hoendervleis gekry. Baie dankie vir julle gees en entoesiasme, julle is regtig 'n baie spesiale groep en ons kan nie wag om te sien hoe julle sterre helder gaan skitter en hoe julle diep spore hier by Randburg gaan trap nie. Ek is ongelooflik trots op elke een van julle. In 2018 het ons met oë vol afwagting gesit waar julle nou sit en as ek terugkyk op die laaste vier jaar van my lewe, kan ek vir seker sê dat dit absoluut die moeite werd is en julle het die beste skool gekies.

*Marlé Bosman*

## 'n Wolwefluit vir die Graad 8's Randjiekonsert!

Op 13 Januarie 2022, het die hele skool se sterte geswaai met opwinding oor ons G'randjiekonsert van 2022. Die graad 8's van 2022 het skrikkerig by die skool aangekom, reg vir die nuwe avontuur wat voorlê, min wetend dat hulle oor 'n paar dae 'n hele skool met hulle danspassies en drama gaan moet vermaak.

Die dag voor die vertoning, spring ons weg met "**Die geboorte/begin van Sparky**". Elke SF help met soveel entoesiasme en opwinding dat die graad 8's vinnig en gewillig die danse leer, terwyl die ander met behulp van ons drama-juffrouens (juf. Celia de Beer en juf. Marintha Labuschagne) en ander SF's, op die verhoog begin sweet en huil - nie van moegheid nie, maar van lekkerte. Die graad 8's herinner my gedurig oor hoe lekker dit is om op die verhoog te wees en lag gedurig saam met ons tussendeur die harde werk. En so is ons dag van oefen klaar en die groot aand kom nader.

So breek die groot aand aan met net een amper-volledige kleedrepetisi, 'n paar uur voor die gordyne oopgaan, tonele nog nie klaar nie, 'n dans nie uitgewerk nie en party woorde nog nie geleer nie, maar ons druk deur. Tien minute voor vyf.... Almal staan angstig gereed. Die gordyne gaan oop. 'n Suksesvolle groentjiekonsert... drie keer! Nog 'n week van repetisies en ons was op *BROADWAY*. Ons sluit op 'n hoogtepunt met 'n groepsdans aan die einde wat elkeen in die gehoor wou laat saamdans, 'n bloumasjien wat die dak van die saal sou laat afvlieg (was dit nie vir die spykers in die dak nie) af.

*Stephan Mans*





# ATLETIEK- INTERHUIS

Randjies het in massas opgetrek om deel te neem aan Interhuis 2022! Massadeelname was aan die orde van die dag en het heelparty goeie prestasies opgelewer.

Die spankompetisie het as volg daar uitgesien:

| Span | Seuns | Dogters | Totaal | Posisie |
|---|---|---|---|---|
| Blou | 692 | 650.5 | 1342.5 | 1 |
| Goud | 547 | 619.5 | 1166.5 | 2 |
| Wit | 618 | 458 | 1076 | 3 |

**<u>Spesiale toekennings:</u>**

Junior Victrix Ludorum : Kara van Schalkwyk
Junior Victor Ludorum : Curwin Hill
Senior Victrix Ludorum: Chaume Bothma
Senior Victor Ludorum: Anton van Tonder
Beste junior veld dogter: Annika Rossouw (gewigstoot)

| | |
|---|---|
| Beste Junior veld seun: | Zander Drake (gewigstoot) |
| Beste junior baan dogter: | Nicolette Vorster (300M hekkies) |
| Beste junior baan seun: | Francois Grobler (100m hekkies) |
| Beste senior veld dogter: | Zonica Lindeque (gewigstoot) |
| Beste senior veld seun: | Willie Lindeque (gewigstoot) |
| Beste senior baan dogter: | Kaili Botje (200m) |
| Beste senior baan seun: | Marco Prins(400m) |

**Nuwe Rekords:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kaili Botje** | **0/16** | **200m** | **25.06 was 25.26** |
| **Zonica Lindeque** | **0/19** | **Diskus** | **42.85 was 34.52** |
| | | **Gewigstoot** | **14.70 was 12.12** |
| **Willie Lindeque** | **0/16** | **Diskus** | **44.40 was 39.15** |
| | | **Gewigstoot** | **15.00 was 13.95** |
| **Francois Groenewald** | **0/15** | **100m Hekkies** | **14.81 was 14.90** |

**Dankie aan elkeen wat sy / haar beste gedoen het. Daar is nog baie geleenthede om tye en afstande te verbeter. Hard oefen en jy sal sukses behaal.**

**Ons sien uit na Interhoër!**














EVANS


3308





## TENNIS

Dogters A-span wen 40-20 teen St. Teresa
Dogters B-span wen 47-13 teen St. Teresa
Dogters C-span wen 61-20 teen Waverley High



## KRIEKET

Die 0/14- A-span speel tuis teen Trinity House Randpark.

Hoërskool Randburg maak 223 lopies met Ethan van Damme wat 73 lopies aanteken. Trinity House Randpark word vir 32 lopies uitgeboul en Josef van den Berg vat vyf paaltjies vir slegs 16 lopies.

O/14- A's wen met 191 lopies.

Die O/15's speel weg teen Trinity House Randpark.

Hoërskool Randburg boul Trinity House Randpark uit vir 153. Hoërskool Randburg wen met een paaltjie.

Die Eerste span speel weg teen Trinity House Randpark.

Trinity House Randpark maak 214 lopies. Richardt Barnard het die wedstryd goed hanteer en kry vier paaltjies vir net 39 lopies in sy tien boulbeurte.

Hoërskool Randburg wen die wedstryd op die laaste bal met een paaltjie, te danke aan Josh Taylor se 49 lopies en en Wian Kouwenhoven se 50 lopies.



## Josh Le Roux Kalahari Vasbyt

Een van Randjie leerders, **Josh Le Roux** in **graad 10**, gaan in Januarie 2022 die bekende Kalahari Vasbyt-kursus doen. Hierdie kursus wat al deur *die International Scout Movement* as die beste kursus vir tieners in die Engelssprekende wêreld aangewys is, is ongelukkig in Gauteng minder bekend as in die Kaap. Die kursus se tye is by die Kaapse skoolvakansie aangepas en die Kaapse Skole en die WKOD neem gewoonlik met waardering kennis, al beteken dit dat leerders soms skooltyd mis.

# INTERHUIS SWEMGALA: VRYDAG, 14 JANUARIE 2022

Dit was met groot opwinding dat die leerders weer aan die Interhuis swemgala met die hele skool as ondersteuners en toeskouers kon deelneem! Daar is pragtige talent en ons sien uit na 'n opwindende swemseisoen.

Die volgende vier Donderdae neem die span aan gala's met die oploop na die Interhoër swemgala wat op 1 Maart 2022 sal plaasvind, deel.






TS


GO
ELANI
!!!





# KORTFILM EN KORTFILMKURSUS

Randjies het vanjaar die geleentheid om 'n kortfilm te maak!! Indien JY die volgende Oscar-film wil maak, is hierdie die geleentheid vir jou!

Die *Performing Arts Lifestyle Institute (*PALI*)*, 'n tersiêre dramaskool, gaan 'n volledige kursus aanbied wat al die vaardighede vir die skiet van 'n film insluit: toneelspel, teksskryf, kamerawerk, klank, beligting, redigering, kontinuïteit en vele meer. Die kursus sal oor ses tot agt maande strek met weeklikse twee-uurlange sessies wat by die skool aangebied sal word. 'n Fooi van R450 per maand sal gehef word. Die kortfilm sal in Julie en Augustus geskiet word.

'n Inligtingsaand vir leerders en hulle ouers is op Maandagaand, 24 Januarie om 17:45 in die BlouSter-teater gehou. Indien jy nog nie op die Kortfilm 2022- *Whattsapp*-groep is nie, moet jy jou naam en selfoonnommer vandag nog vir juffrou Marintha gaan gee.

***************************************************

# AFHAAL VAN LEERDERS WEENS SIEKTE OF AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

**Die volgende prosedures geld en ons versoek dat ouers asseblief streng hierby sal hou. Indien 'n leerder by die skool afgehaal moet word weens 'n afspraak van watter aard ookal, word u versoek om 'n brief te skryf met die leerder se naam en van, rede vir afhaal en tyd wanneer en wie hom/haar by die skool kom afhaal duidelik daarop aangedui. Hierdie brief moet deur mnre. Knoetze of Vosloo geteken word.**

**Die leerder hou die brief totdat dit tyd is om die klas te verlaat, toon dit aan die onderwyser en meld aan by ontvangs om uit te teken. Die ouer meld op die bespreekte tyd by die hoofhek aan om die kind te ontmoet.**

**Let wel: Leerders mag nie oor die interkom uit klasse geroep word nie.**
**Indien 'n leerder <u>siek</u> word by die skool, móét hy/sy na ontvangs gaan waar me. Janse van Rensburg die nodige sal doen. *Leerders word versoek om asb. nie self ouers te kontak nie. In geval van siekte sal die skool u dadelik in kennis stel.**
**Leerders wat voor 10:00 uur uitgeteken word, sal afwesig gemerk word.**
**U samewerking in dié verband word opreg waardeer.**

---

**Vir afwesighede, vul asseblief die *Google* vorm voor 08:00 op dag van afwesigheid in:**
**https://bit.ly/HSRBDV2020**

*********************************************************************************************



## Klerebank

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 13:00 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk. ***LO-Klere en Sweetpakke slegs by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!* Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met Me. Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!**

## Randjie Gebedswag

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Woensdag-oggende vanaf **07:30 tot 8:30**. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Elizabeth van Aswegen** by **083 626 2202** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



## CSV

Elke Woensdag, tweede pouse in L3. Almal is welkom.

## Parkering



Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders "gou-gou" op te laai nie.

Fietse parkeer op die klein skietbaan onder die afdak. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motorfietse parkeer op die klein skietbaan onder die afdak. Die koste vir parkering is **R50 per kwartaal.** **Prosedure**: jy betaal by die finanskantoor by me. **Elize du Toit** met jou registrasienommer. Jy voorsien jou eie hekkontrole **R150.00** (swart sentry met rooi knoppie), wat mnr. **Tian Mans** sal instel.



**Algemene reëls vir parkering:**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (spin) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

*********************************************************************


**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**

# ADVERTENSIES


**KEYMEN FINANSIËLE DIENSTE**

Ons bied professionele en betroubare, uitgekontrakteerde boekhoudienste, rekeningkundige dienste en Payroll dienste vir enige grootte besigheid.
Dit sluit ook die berekening en indiening van alle SARS opgawes (BTW & LBS) en Ongevalle Kommissaris in.
Ons kan ook help met die aankoop, installering, opstel en opleiding van:
**Pastel Accounting** en **Pastel Payroll**.
**Skakel: Annemie Mentz - 082 379 8620**
**Email adres:** annemie@keymen.co.za


opti cross
optometrists
LIZELLE THAUMÜLLER-SWANEPOEL
B.OPTOM (RAU);
DIP. IRIDOLOGY (BSYA)
SHOP 12 FONTAINEBLEAU VILLAGE
CNR REPUBLIC RD & RABIE STREET
FONTAINEBLEAU, 2194
TEL/FAX : 011-791-4933
CELL: 082 560 9437
EMAIL: OPTICROSS@ABSAMAIL.CO.ZA


WOENSDAE 12:30 – 14:15
DIE KLEREBANK
BARS UIT SY NATE.
GEBRUIKTE KLERE
TEEN WEGGEE PRYSE.
WOENSDAE 12:30-14:30


ETCHELLS & YOUNG
PROPERTY BROKERS
RENTALS ◆ MANAGEMENT ◆ SALES
SELLING YOUR PROPERTY?
LOOKING FOR QUALITY TENANTS
OR RENTAL MANAGEMENT?
Consider your Rented, Managed, Sold!
JACKIE ROUX
078 404 0771
TANJA LOWE
083 995 9697
www.etchellsandyoung.co.za

## BreinblikSLIM Tutors/ Mind Blown Tutors

Benodig jy beter punte om jouself en jou ouers uiteindelik gerus te stel daarvan dat jou toekoms blink sal wees?

Wil jy nog 'n onderskeiding of twee hê?

Skitterende sowel as verbeterde resultate sal in japtrap behaal kan word met die nodige leiding en ekstraklasse.

Ek bied ekstra klasse aan in Afrikaans Eerste Taal en Eerste Addisionele Taal, Engels Home Language en First Additional Language (Gr 4-12) sowel as Wiskunde op Graad 4-9 vlak. Leiding op ander vakgebeide in terme van opsommings en leer word ook aangebied.


My tarief is R150 per uur en ek is selfs bereid om na jou huis te ry.


Kontak my vir verdere besonderhede

Daniel Greeff

0748906410

danielman.007@gmail.com



## *VERLOOP BUILDING*

- All Building & Renovations
- Damp & Waterproofing
- All Roof & Ceiling Repairs
- General Maintenance

*No job is too big or too small*

"Quality workmanship guaranteed"

CALL US:
ON:0834002766 or 011-7925459

EMAIL:
info@verloopbuilding.co.za

WEBSITE:
www.verloopbuilding.co.za

FACEBOOK:
www.facebook.com/verloopbuildingcontractors


PILATES DYNAMICS SERVICES
Pilates Dynamics is a World leader in Pilates Education, Pilates and Yoga training
1. Pilates Courses
Join our courses to prepare yourself for the Harvard of the International Pilates World.
2. Pilates Classes
(Private and group all ages and fitness levels)- Improve mobility strength, flexibility, muscle tone, prevent injury and enhance sport performance.
3. Yoga classes(Group)
A mixture of Hatha and Vinyasa Yoga for mental and physical wellness
2 Nicolyn & Silver Pine Avenues
Ruiterhof, Randburg
0729992229
info@pilatesdynamics.co.za
https://pilatesdynamics.co.za/
PILATES
DYNAMICS
engaging mind & body


SUPERB GAS GUYS
Quotations
Installations
Services and Repairs
Domestic and Commercial
Qualified Licensed Installer Since 2005
079 594 9224

TROJAN SECURITY
admin@trojansecurity.co.za • 011 792 0738
Excellence in Security
Armed Response • Camera Monitoring • Technical • Guarding
PSiRA SAIDSA

**Trojan se 21ste jaar in Randburg area.**

FIBRE BY
VUMA

**Website : [https://vumatel.co.za/](https://vumatel.co.za/)**




**Cool Ideas ondersteun Hoërskool Randburg met 'n volle bandwydte vir Wi-Fi vir die hele skool. Hulle diens is puik en Wi-Fi is baie vinnig.**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **23** | **24** | **25** | **26** | **27** | **28**<br>Atletiek Waterkloof<br>Prysuitdeling 08:00-10:30 (skoolsaal) graad vir graad & "gestream"<br>Seunstennis A-span tn. St Stithians (w) & B-span tn. St Davids (w) | **29**<br>Krieket tn. Krugersdorp High (tbc) |
| **30** | **31**<br>Verjaar:  C Basson & J Krüger<br>Toets 2<br>Gr 9-11 AdMaths (17:00-18:30)<br>Gr 12 Verpligte Wisk.-klas (14:00) | | | | | |

| FEBRUARIE 2022 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Sondag** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** | **Saterdag** |
| | | **1**<br>Dogterstennis:  A & B tn. Assumption Convent (w) en C tn. Linksfield (w)<br>Koor (17:30-20:30) | **2**<br>Krieket tn. Affies (tbc)<br>Atletiek Top 15 Noordheuwel | **3**<br>Toets 3<br>Swemgala (t)<br>Gr 12 AdMaths (17:00-18:30)<br>"Band" Ouditorium (18:30-20:30)<br>Netbal Ouerverg. (18:30 Skoolsaal) | **4**<br>Atletiek TUT & Pta. Noord<br>Randjienuus berigte in RNA<br>Seunstennis A-span tn. St Johns (t) & B-span tn. Northcliff (t) | **5**<br>Krieket tn. Affies (tbc) |
| **6** | **7**<br>Toets 4<br>Seunstennis C-span tn. Trinity Little Falls (w)<br>Gr 9-11 AdMaths (17:00-18:30) | **8**<br>Dogterstennis:  A & B tn. Crawford Sandton (t)<br>Koor (17:30-20:30) | **9**<br>Atletiek Tuks Top 10<br>Dogterstennis:  C-span tn. Randpark (w)<br>Krieket tn. Pta. Boys o/14B (w); o/15B (t) & 2de (w) | **10**<br>Toets 5<br>Swemgala (Morist Linmeyer)<br>Gr 12 AdMaths (17:00-18:30)<br>"Band" Ouditorium (18:30-20:30) | **11**<br>Verjaar:  12/02 A Steenekamp & S Koutsouradis<br>Randjienuus uit RNA<br>Atletiek Prestige Ruimsig | **12**<br>Netbalproewe o/14, o/15 & o/16 (t)<br>Hokkieproewe Gr 8 en Eerstespan (seuns en dogters)<br>Krieket tn. Pta. Boys o/14 (t); o/15 (w) & 1ste (t)<br>alenteinsbal |